HILLCREST HIGH SCHOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER EKSAMEN 2017

GRAAD 8

PUNTE: 50

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A : Langer transaksionele teks (30)
   AFDELING B : Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste (20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só

   AFDELING B : 60 minute
   AFDELING C : 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

**AFDELING A: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

1.1 **INFORMELE BRIEF**



**Jy en jou gesin was onlangs op 'n fantastiese vakansie. Skryf 'n brief aan 'n maat en vertel hom/haar waarheen julle gegaan het en wat alles gebeur het.**

**[30]**

**OF**

1.2 **DIALOOG**




**Jy en jou maat sit en gesels oor julle eerste jaar op hoërskool. Wat was goed omtrent die jaar en wat was sleg omtrent die jaar? Vertel van 'n paar dinge wat gebeur het.**

**[30]**

**AFDELING B: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

2.1 **DAGBOEKINSKRYWING**





**Jy het vandag jou gunsteling popster/akteur/aktrise gesien en het ook die kans gehad om met hom/haar te praat.**

**Skryf nou in jou dagboek daarvan.** **[20]**

**OF**

2.2 **E-POS**

**Skryf 'n epos aan 'n maat waar jy hom/haar uitnooi om saam met julle die dag op die strand deur te bring. Sê waarheen julle gaan, wie almal gaan, wat hy/sy moet saambring en wanneer julle weer huis toe gaan.**

**Teken die e-pos oor en vul dit in.**

Van:______________________________
Aan:______________________________
Datum:____________________________
Onderwerp:________________________

____________Boodskap ____________

**[20]**

**TOTAAL: 50 PUNTE**